## 25 September - ROEPING

**Skrif- en Fokusgedeelte: Handelinge 12:25 – 13:12**

Hier is 'n duidelike *wending* in die Handelinge-verhaal. Paulus en Barnabas word amptelik gestuur om die Woord onder die heidene te versprei. Dit gebeur deur 'n besondere openbaring van God, want die mense het nog nie die Bybel gehad nie. Die evangelie gaan nou die wêreld in.

Maar teleurstellings en verrassings wissel mekaar voortdurend af in die werk van die apostels, soos dit ook die geval is in ons persoonlike lewe en in die lewe van 'n gemeente. Eers reis Paulus en sy geselskap deur Siprus. In die hoofstad Pafos ontstaan 'n heftige konflik met die aanhangers van die astrologie en valse profesie. Dit staan in die pad van die Here (vs 10).

Die *ware profesie* doen twee dinge: eerstens lê dit die duiwelse oorsprong van die vals profesie bloot, en tweedens dra dit die wil van God aan die mense oor ... of hulle daarvan hou of nie. Aan die goewerneur word die ware profesie verkondig – dié omtrent Jesus Christus – sodat hy gelowig word. Dit is vandag nog waar: die vals profesie verlei, maar die egte Woord van God lei na die lewe.

Die klem op die Heilige Gees en sy werk is hier baie belangrik. Dit was deur die direkte leiding van die Gees dat mense vir die sending onder heidene afgesonder is. Die Gees werk *deur* die gemeente. Die innerlike roeping (deur die Heilige Gees) word een met die uiterlike roeping (deur die gemeente).

Dit is presies wat vandag ook gebeur. Manne en vroue ervaar die innerlike roeping om in die een of ander hoedanigheid vir die Here te werk. Hierby kan die gemeente die *kanaal* wees waarlangs die Heilige Gees se leiding vloei.

Die Here roep jou vandag as sy getuie. Dikwels hoor ons nie sy roepstem nie. Kom dit deur ons gebrek aan vrees vir God, aan waaragtige gebed, aan 'n werkende geloof? Wat is jou antwoord?

*Sing: Skrifberyming 24:4* *Prof F Denkema (Emeritus)*